The TWELVE TRIBES FREEPAPER

And a great sign appeared in heaven: a woman clothed with the sun, and the moon under her feet, and on her head a crown of twelve stars... Revelation 12:1

GRATIS

Nadat die laaste "Gospel"-lied verby was, het die koormeisie van die verhoog afgeklim en na my sitplek begin stap – dit het gelyk of sy reg op my afpeil. My hart het begin bons, maar sy het my geïgnoreer en die meisie langs my prontuit gevra, "*My vriendin, is jy verlore?*"

Ek was geskok toe die meisie – my nooi vir die aand – reguit na my kyk en sê: "*Nee, maar hy is.*" As die aarde my maar kon insluk! Die koormeisie het langs my kom sit, en my begin vertel hoe ek "gered" kon word. Ek het so beleefd moontlik probeer bly, en die gesprek probeer kortknip. Ek was 'n goeie Katoliek, van seunstyd af, en daardie aand was my eerste besoek aan 'n Baptiste-kerk.

Ten spyte van my verleentheid daardie aand, was ek nogtans oorreed deur my Baptiste-vriendin om 'n kopié van die *Good News For Modern Man* van haar te aanvaar. Sy het my laat belowe dat ek dit sal lees. Tot my ouers se verbasing het ek elke moontlike vrye uurtjie oor die weke wat gevolg het, gebruik om die *Evangelies* te lees. Kort voor lank het ek nie meer uit pligsbesef gelees nie, maar omdat ek daardeur bekoor was. Al wat ek ooit van die Bybel gehoor het, was die vers of twee wat gelees is met Nagmaal elke Sondag – die enigste stukkie van die diens in my kerk wat nie in temende Latyn was nie.

Die krag van die woorde van hierdie man, Jesus, het my aangegryp toe ek deur die *Evangelies* en *Handelinge* gelees het. My hart was soos 'n skoon lei, met geen vooroordeel oor wat ek gelees het nie. Ek kon nie die klinkklare kontras kleinkry, van dié kragtige woorde, en die eindelose godsdienstige eentonigheid wat ek tot dusver op Sondae tydens Nagmaal, en op Woensdag-middae met Bybelstudie, moes aanhoor nie. Uiteindelik het ek belangeloos geraak en opgehou lees. My Baptiste-vriendin het ook belangstelling in my verloor.

Die reuk van universiteitslewe en onafhanklikheid het spoedig na my kant toe gewaai. Ek het besluit om ingenieurswese te studeer, in hoop op 'n goeie loopbaan en selfvervulling.

Ek het 'n ander meisie op die kampus ontmoet. Sy het dieselfde skoon aantrekkingskrag gehad as wat my destyds in die Baptiste-kerk gebring het. Ja, sy was 'n "wedergebore" Christen. Maar ek was dié keer slimmer. Ek het godsdiens uit die prentjie gehou, namate ons verhouding gegroei het, oor die volgende paar jaar. Uiteindelik het ek 'n Bybel gekoop en die *Evangelies* herontdek, die Bybelboeke wat my destyds op hoërskool so geboei het. Ek was gou weer betower deur die krag daarvan.

Een oggend vroeg, terwyl ek probeer studeer het, kon ek nie meer verder lees nie – my oë het geswem in die trane. Ek het geglo dat die Hemelse God met my probeer praat het. Ek het op my knieë geval en snikkend, alleen in my kamer, uitgeroep dat ek in God glo, die Een van wie ek gelees het, en ek wou my lewe oorgee aan Hom.

By gebrek aan enige ander uitweg, het ek 'n kerk wat gerieflik naby my was, op pad universiteit toe, begin besoek. Die kerkgebou het my gelok met sy beskeie steenwerk en die eenvoudige naam: *Christelike Kerk – Dissipels van Christus*. Dis wat ek wou wees – 'n dissipel van Christus. Die mense was vriendelik en toegewy, en die pastoor het 'n warm persoonlikheid gehad, met 'n sagte stem; 'n man wat jou reg in die oë gekyk het. Ek het hom begin vertrou. Ondertussen was ek effe gekwel met wat ek in die Bybel gelees het, en wat my kerk as die "normale Christelike lewe" beskou het. Maar wie was ek nou eintlik om te oordeel!

Harde woorde

Op ‘n dag het ek iets gelees wat my koue rillings gegee het:

> *As iemand na My toe kom, kan hy nie My dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe. Iemand wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie My disspel wees nie … So kan niemand van julle My dissipel wees as hy nie van al sy besittings afstand doen nie. (Lukas 14:26-33)*

Ek het na die bladsy gestaar, stom geslaan. Ek het my lewe gelei en my planne gemaak. Ek het onthou hoe ek destyds my lewe aan God oorgegee het. “My ouers” – het ek gedink – “Wat sal hulle sê as ek universiteit opskop, my loopbaanplanne laat vaar, al my besittings verkoop, en dan...?”

Verward en oorbluf het ek my Bybel opgetel en na die kerk geloop om die pastoor te gaan sien. Ek was dankbaar dat hy beskikbaar was, alleen in sy kantoor. My hart het ontsuimig geklop, daar voor die deur. Hy het my ingenooi en warm geglimlag. Sonder om baie te sê, het ek die Bybel oopgemaak en met my vinger na die woorde op die bladsy gewys. “Wat moet ek doen?” het ek gevra.

Verbloemde woorde

‘n Bekommerde uitdrukking het vir ‘n oomblik op sy gesig verskyn, en moes toe plek maak vir ‘n tevrede glimlag. Met sagte woorde het hy my aangeraai om niks drasties te doen nie, om met my opleiding voort te gaan, en – as ek klaar gestudeer het – dit te oorweeg om Bybelskool toe te gaan, as ek nog voel God roep my om ‘n pastoor te word. Miskien sal God my eendag roep om alles agter te laat en ‘n sendeling te word. Intussen moet ek my besittings in my hart opgee, en ‘n goeie “rentmeester” of bestuurder daarvan wees vir God.

Ek was verwar, en tog tot ‘n mate verlig, dog vertroebel deur diepe teleurstelling. Diep binne-in my wese het ek geweet dat die man wat die dissipels in die Bybel *Meester* genoem het, my nie dieselfde antwoord sou gegee het nie. Dit het heeltemal verskil van die antwoord wat Hy daardie wel-af jongman gegee het, wat na Hom gekom het in Markus 10:17-31. Hy het aan hom gesê om alles agter te laat, maar het die jongman toe gesien wegstap, bedroef. Hy het nie sy woorde versag om die kandidaat-dissipel nie teleur te stel nie.

Maar aan die ander kant was ek verlig, want na ‘n swak vertoning die vorige paar jaar op universiteit, was ek uiteindelik êrens op pad heen, ek het vordering gemaak, vol vertroue dat ek my ingenieurskwalifikasie sal kry. Daardie stem in my was gesmoor, want ek het my pastoor se raad gevolg. Met my

studies voltooi, het ek by die Bybelskool ingeskryf, met die voorneme om ‘n pastoor te word. Tog was daar altyd iets in my wat verlang het na die lewe van Handelinge 2 en 4.

Ek het Petrus beny wat sy Meester se roepstem gehoorsaam het en sy nette agtergelaat het, om Hom te volg. Daardie ruwe visserman sonder enige skoling het daarin geslaag om die evangelie wat hy met soveel krag ontvang het, oor te dra. Die gevolge was soos volg:

> *Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg. Hulle het hul heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede… Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hul grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se*

behoefte. Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap geëet, en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

(Handelinge 2:41-47)

Dit was vir my 'n bron van frustrasie dat ek, met al my geleerdheid, nie dieselfde effek kon bewerk nie. Destyds kon ek egter nie sien – soos ek nou weet – dat ek onmoontlik my toehoorders tot gehoorsaamheid kon roep, sonder om self gehoorsaam te wees nie.

Verbeelding – 'n kuns

Verstaan, ek het op Bybelskool die kuns van *verbeelding* aangeleer, die kuns om denkbeelde te skep, en ek het baie oefenkans gekry in die jare wat gevolg het. Allereers moes ek my *verbeel* dat ek nie besittings gehad het nie. Dit was makliker as om dit *werklik* op te gee. Niemand anders het dit per slot van sake gedoen nie – dit was net eenvoudig nie prakties nie! Waar sou ek bly? Waarvan sou ek lewe? Wat sou ek eet? Waar sou ek klere kry om te dra? Nee. Hy kon dit nie letterlik bedoel het nie. Hy het seker net bedoel dat ons nie *materialisties* moet wees nie. Hy was net bekommerd dat ons ons besittings meer sal liefhê as vir Hom. Solank ek *bereid* was om my besittings agter te laat wanneer ek gevra word, was ek besig om Hom te gehoorsaam. (Natuurlik, omdat ek nie 'n oordeel kon fel of Hy my roep om my besittings op te gee, of nie, was daar bitter min kans dat dit sou gebeur.)



Omdat ek aan my besittings vasgeklou het, was dit nie moeilik om te glo dat ek God vertrou in my daaglikse behoeftes nie, nes die evangelie my vertel om dit te doen (Matteus 6:19-34). Tog, elke maand wanneer ek my verpligtinge moes dek – veral die groot rekeninge van etlike honderde rande vir die mediese fonds, vir lewensversekering, huisversekering en ongeskiktheids-versekering – het ek geweet ek bluf myself, ek vertrou God nie regtig nie. My tiende wat ek getrou gegee het, en die geld vir liefdadigheid was 'n skrale troos, hopende dat God my hart ken. Per slot van sake het die meeste Christene saamgestem dat dit onverantwoordelik was, en boonop onprakties, om deesdae sonder 'n neseier en assuransie te wees, selfs al het hulle oor baie ander dinge verskil.

Denkbeeldige eenheid?

Dis nog 'n aspek wat my gepla het: Hoekom het Christene oor so min dinge saamgestem? Afgesien van grondleerstellings – soos die Godheid van Christus, Sy dood as sonde-offer en Sy opstanding, dat Hy en die Vader en die Gees een is (dinge wat selfs die duiwels glo, volgens Jakobus 2:19) – kon mens beswaarlik twee gemeentes kry wat oor meer sou saamstem, om nie eens te praat van wyer in die

Christendom in nie. Elke kerk waar ek betrokke was, het gewemel van tweespalt en onderstrominge weens ‘n geklaery, bitterheid en naywer.

Derhalwe het ek my die eenheid waarvan die Seun van God praat, net voordat Hy gekruisig is, *verbeel*:

> *Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My een mag wees, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefgehad het. (Johannes 17:20-23)*

Ek het nêrens mense saam in eenheid sien lewe, soos in Handelinge 2 en 4 nie. Selfs op Bybelskool – wat veronderstel was om ‘n sametrekking te wees van die mees toegewyde Christene denkbaar – is daar geleer hoe elke verskillende denominasie glo en hoe hulle hul godsdiens beoefen. Dit was in werklikheid ‘n fees van verdeeldheid, ‘n verlustiging daarin, terwyl dit genoem word *die rykdom van die Christelike tradisie.* Hulle het my nooit aangespoor om hierdie *eenheid-in-verskeidenheid* met die suiwer eenheid van hart en verwagting wat die Vader in sy Seun bedoel het, te vergelyk nie. Dit was ooglopend die hele doel van sy Seun se hartstogtelike gebed vir Sy dissipels.

Maar Jn 17:23 praat van ‘n volmaakte eenheid wat die wêreld duidelik sal kan sien. Dit beteken dat mense saam in vrede lewe, ‘n bewys dat hul Meester op aarde gelewe het – ‘n tasbare liggaam van mense in elke plek (dorp of stad; 1 Timoteus 2:8), onder een kerkregering (Titus 1:5), ‘n baie goeie aanduiding dat die Vader werklik die Seun gestuur het.

‘n Mistiese Liggaam?

Omdat dit nie in die Christendom gebeur het nie, het ek geleer om my die Liggaam van Christus te *verbeel.* Hierdie *mistiese* liggaam is veronderstel om al die toegewyde Christene in al die kerke dwarsoor die wêreld te wees. Daar *moes* so ‘n mistiese ligaam wees (want daar was mos nie ‘n *sigbare* een nie), anders sou ons nie kon verduidelik wat die Bybel bedoel met ‘n vlekkelose Bruid nie, vir wie die Seun van God uiteindelik sou terugkom.

Was *ek* ‘n deel van die mistiese Liggaam? Was *ek* vlekkeloos? As ek nie vlekkeloos was nie, hoe sou die Liggaam dan vlekkeloos wees? Kan die somtotaal groter wees as al die dele bymekaar getel? Wanneer ek eerlik met myself was, kon ek duidelik sien dat ek nie eens *besig was* om vlekkeloos te word nie – liefde, vreugde, vrede, geduld, goedhartigheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing het nie in my gegroei as vrugte in my lewe nie. Daarom *moes* ek myself verbeel, myself denkbeeldig voorstel dat ek soos Christus word. Indien nie suksesvol nie, moes ek ten minste hard probeer om so ‘n fantastiese transformasie voor te stel.

Daar was egter ‘n paar hakplekke – verbeel jou jy het jou besittings opgegee, verbeel jou jy leef saam in volkome eenheid, verbeel jou jy sal *eendag* jou deurmekaar lewe regruk ... dit was kompleet of mens langs die treinspoor afkyk en jou verbeel dat die spore êrens gaan bymekaar kom. Sover jy langs die spoor afloop, bly die stawe weg vanmekaar af, en raak mekaar nooit. Dis net ‘n denkbeeld op die horison.

Al my verbeeldingsvlugte het my hoop net verder vertroebel, en my na jare net meer sinies gelaat. Tog het ek daarin geslaag om ‘n taamlik oortuigende front voor te hou. Min mense, my vrou uitgesonder, het geweet dat ek in werklikheid binne-in verskeurd was. Ek het menigmaal selfmoord oorweeg, en ek sou waarskynlik daad by die woord gevoeg het, was dit nie vir my kinders se diep gehegdheid aan my nie.

Toe ontmoet ek ‘n dissipel. Hy het aan my vertel dat hy werklik alles opgegee het, al sy besittings, sy loopbaan, sy onafhanklikheid, sy gesin, sy familie, sy vriende – alles om Jahshua* te volg, die Seun van God. Toe hy met my gepraat het, is ek in my hart geroer en ek het myself weer gesien, alleen in my kamer, terwyl ek lees: *So kan niemand van julle My dissipel wees as hy nie van al sy besittings afstand doen nie...* Ek kon myself weer sien staan voor die pastoor se deur, met ontstuimige hart, terwyl ek wonder wat hy gaan sê. Ek het weer sy

verbloemde woorde gehoor, en ek het besef dat daar vir my gelieg is, en dat ek die leuen geglo het. Ek het die leuen selfs verkondig. Ek het vuil en goedkoop gevoel. Ek het siek gevoel oor al die jare wat ek gemors het, terwyl ek "kerk gespeel" het.

Die Nuwe Verbond – 'n werklikheid

Die dissipel het my uitgenooi vir aandete by sy huis, en ek het gegaan. Daar het ek 'n hele huis vol dissipels ontmoet, wat almal *alles* opgegee het vir ons Meester Yahshua, 'n lewe van eenheid, terwyl hulle al hul goed met mekaar deel. Hulle het hulself daagliks aan die leer van die apostels toegewy, aan onderlinge verbondenheid *(fellowship)*, die breek van brood, en aan gebed, terwyl hulle van harte al hul maaltye met blydskap saam geëet het. Ek moes my kop skud om seker te maak ek was wakker, om seker te maak ek het my hierdie wonderwerk nie *verbeel* nie.

Mettertyd het al my skanse geval, al my ingewikkelde verskonings om my lewe te behou, om deel te word van dié ware, tasbare lewe waarteen ek my vasgeloop het. Al die jare van frustrasie en hartverskeurdheid om uit die warboel van Christelike teenstrydighede sin te maak, was verby. Daarmee saam het ek die sotlikheid om al my liggaamskrag in die harwar, die "rat-race" in te pomp, neffens die tegnologie, opgegee. En dit net om 'n goeie lewenstandaard te handhaaf in hierdie verdraaide geslag!

My moeë, gefrustreerde, skuldbelaaide ou lewe het gesterf in die waters toe ek gedoop is, en ek kon 'n nuwe lewe begin as 'n dissipel van Jahshua,* die Messias. Ek is onuitspreeklik dankbaar om te lewe in die werklikheid van die Nuwe Verbond, uiteindelik vrygemaak van 'n illusie, die *denkbeeldige kerk*.

Wat ons glo

Ons glo in die absolute waarheid van die Woord van God soos dit in die Bybel opgeteken is. Dit het tot ons verstand gekom dat, nes Petrus in Handelinge 3:21 verklaar het, Messias nie kan terugkeer voordat die tyd aanbreek vir die restorasie, die nuutmaak van alle dinge nie, nes die profete voorspel het. En ons Meester het dit self in Markus 9:12 duidelik gemaak dat die restorasie *eers* moet plaasvind, in hierdie eeu. Talle dinge moet in ons persoonlike lewens en verhoudinge herstel word – veral die ware beeld van die huwelik, en hoe ons ons kinders moet grootmaak in gehoorsaamheid, in die vrese van God. Daarnaas moet die geloof van die eerste kerk (of beter gestel die eerste *geloofsgemeenskappe – Eng. communities*) herstel word. Met ander woorde, daar moet 'n herstel van *Israel* kom, die *nasie* wat God se kosbare besitting is, en wat 'n lig vir die wêreld sal wees. Ons glo dat hierdie laaste dae die vervulling van die profesié van Jesaja 49:6 is. Ons sien dat God die twaalf stamme van Israel weer op aarde oprig – nie die bloed-nasate van Abraham nie, maar die geestelike saad – 'n nasie wat bestaan uit diegene wat waarlik glo en hul vertroue plaas in Jahshua,* die Messias.[1]

Hierdie nuwe geestelike Israel sal gevestig wees as twaalf duidelik onderskeibare stamme in twaalf verskillende plekke – 'n lig vir diegene rondom hulle,[2] sodat Matteus 24:14 vervul kan word. Die evangelie van die Koninkryk moet verkondig word as 'n *getuienis* sodat die einde kan aanbreek, en ons glo dat hierdie getuienis die gerestoreerde stamme van Israel sal wees,[3] 'n nasie met wie God 'n nuwe verbond gesluit het. Hierdie

gerestoreerde stamme van Israel sal vervul wat op Sy hart is.[4] Dit sal die volle vervulling van die wet en die profete wees.[5]

In hierdie huis sal Sy nasie die Sabbat en al Sy aangewysde feesdae en geleenthede hou; hulle sal nie die onrein dinge eet wat die nasies eet nie; eerder dit wat hul God geskape het om te eet; hulle sal nie hul kinders afstaan om deur 'n ongelowige wêreld onderrig te word nie, maar sal eerder die saad van Abraham wees, om nasate in huishoudings in die weë van die Here groot te maak.[6] Hulle sal Sy volk wees, en hulle sal deur Hom regeer word,[7] en sal slegs dit doen wat Hom behaag. Hulle sal die Bruid wees wat vir Hom voorberei word, andersins bekend as die Heilige Stad met twaalf poorte, met elke stam as een van die poorte wat toegang verleen tot die Stad.[8] Ons glo hierdie proses is reeds aan die gang.

Soos die Skrif sê, is daar 'n ander vrou.[9] Sy word in Openbaring 17 beskryf as 'n ontroue vrou. Sy was eenstyds aan Hom beloof, maar sy het 'n hoer geword, deurdat sy met die wêreld gekompromiteer is (gehoereer, geflankeer het). Ons glo dat die een wat 'n prostituut geword het, uit die eerste liggaam van gelowiges kom, hulle wie saam gebly het en alles gedeel het, maar wat toe weggedwaal het om die staatsgodsdiens te word, die Christendom, in die tyd van Konstantyn. Hulle het hul eerste liefde vir hul Redder verloor, dog het as godsdiens voortgegaan met rituele en gebruike.

Openbaring 18 praat verder oor hierdie vrou, *Babilon*. Sy is nòg die huis van Israel, nòg die huis van God.[10] Sy is die ander huis wat in Matteus 7:26-27 genoem word, gebou op die tradisies van die afvallige kerk. Hierdie godsdiens het die blyplek *geword* van al die onrein geeste, terwyl elke soort verdorwenheid wat die wêreld propageer, verdra word. Dis op sand gebou,[11] want dis nie gegrond op absolute gehoorsaamheid aan die Sy Woord nie. Maar die stem van Sy volk, wat met die gesag van engele praat, sal uit haar uitroep[12] almal wat ernstig is – hulle wat wérklik Sy volk is, uitgekies om deel van die ware vrou te wees, die Bruid van Messias, Sy toekomstige vrou.[13]

Ons wil niks te doen hê met hierdie vals godsdienstige stelsel bekend as die Christendom nie. Ons glo dié stelsel is die prostituut waarvan Openbaring 14:8, 16:19 en 17:1- 19:4 praat. Ons is oortuig dat, nes die Skrif sê, elkeen wat *in* haar *bly*, sal deel in haar oordeel. Ons wil in die nuwe huis wees wat die Hemelse God besig is om te bou,[14] buite die geledere van die Christendom. Nes ons Meester sy plek ingeneem het buite die vals godsdiens van daardie tyd,[15] en buite die stadsmure gekruisig is,[16] net so wil ons ook rein wees, onbevlek deur die hoer.

Ons hoop dat dit wat in dié *Freepaper* met u gedeel is, u sal help om ons beter te leer ken. Ons sien daarna uit om van u te hoor, en u is welkom om enige van ons gemeenskappe (*communities, vir Hebreeus "*edah*," byekorf*) te kontak of te besoek.

*** Jahshua** is die Hebreeuse naam vir die Seun van God. Dis wat sy Joodse moeder, Miriam (Maria) Hom genoem het na Sy geboorte, soos opgeteken in Lukas 1:31 en Matteus 1:21. Die voetnota by dié verse in die *NIV New Testament* lees: *"Jesus is the Greek form of Joshua."* In Hebreeus beteken Sy naam "Ek het krag om te verlos." *Jahshua* is 'n samestelling van "*Ja*" of "*Jah*" (die naam van die Vader, *Jahwe – Ek is*) soos in Afr. *Halleluja*, wat beteken, "prys *Jah,*" en "*Shua*" (kragtig en gesaghebbend om te red). Ons noem Jesus eerder *Jahshua*, want dis werklik Sy naam.

[1] Gal 3:29; 6:16 [2] Jes 49:6; Mt 5:14 [3] Ef 2:12-14; Jak 1:; Hand 26:7; Op 21:21
[4] Heb 8:10; Mt 5:17; Op 1:6; 5:9-10; Mt 21:43; 1 Pet 2:9 [5] Rom 13:10 [6] Gen 18:19
[7] JLk 1:33 [8] Op 21:9-12; 19:7-8; Lk 1:17 [9] 2 Kor 11:3-4 [10] Heb 3:6; 8:10; 10:21
[11] Mt 7:26 [12] Op 18:4-5 [13] Op 12:1 [14] Ef 2:19 [15] Mt 21:43 [16] Heb 13:13